***Bekendstelling van die Trickle Out Africa Navorsingsprojek & Register van Sosiale en Omgewingsondernemings***
***http://trickleout.net***

*Is jy 'n sosiale- of omgewingsonderneming? Of help jy sulke ondernemings om 'n verskil in ons gemeenskappe te maak en ons omgewing te bewaar?*

Die Trickle Out Africa projek ondersoek die sosiale- en omgewingsonderneming sektore in 19 lande in Oos- en Suid-Afrika. As deel van hierdie projek, sal ons 'n gids saamstel met sosiale- en omgewingsondernemings sektore wat opbrengste bied, handel, vervaardig of dienste lewer binne die Suid-Afrikaanse Ontwikkeling Gemeenskappe (SAOG) en Oos-Afrika Gemeenskap (OAG) streke, sowel as skenkeragentskappe, vrywillige assosiasies en versekeringsskemas wat dit ondersteun.

Dit is gratis om op hierdie register te registreer en net die inligting wat u verkies, sal aan die publiek beskikbaar wees. Dit is 'n geleentheid om dit wat u doen met geïnteresseerde kliënte, ondersteuners en vrywilligers te deel. Trickle Out is 'n navorsingsprojek wat befonds word deur die UK Economic and Social Research Council (ESRC) en dit word by die Queen's University Management School, Queen's University Belfast gehuisves.

Jy kan nou gratis vir die Trickle Out project registreer http://trickleout.net/

- indien jy 'n sosiale-, omgewingsonderneming of NRO met enige kommersiële aktiwiteit verteenwoordig of besit
- indien jy 'n koöperatiewe- of lidmaatskap vereniging verteenwoordig wat sulke organisasies verteenwoordig
- indien jy die verteenwoordiger van 'n skenker-/hulpagentskap is wat sulke organisasies ondersteun
- of vir jouself werk as 'n entrepreneur wat groen produkte of dienste verkoop.

**Hoekom moet ek registreer?**

Die projek is uniek omdat dit sosiale- en omgewingsondernemings wat noodsaaklik is vir volhoubare ontwikkeling en die groen ekonomie in Afrika kombineer. Dit is ook uniek in terme van die omvang van die Register omdat dit die eerste naslaanbare Register is met hierdie tipe organisasies wat 19 lande in Suidelike- en Oostelike Afrika dek.

Sleutelpunte:

- Terwyl sosiale entrepreneurskapnetwerke groei, is dit heel dikwels tot 'n enkele land of streeksgroep beperk.
- Die register sal naslaanbaar wees en enigeen in staat stel om hierdie organisasies te identifiseer en te weet waar hulle is met die kontakbesonderhede wat verskaf word.
- Organisasies kan potensiële vennote in ander lande identifiseer.
- Ondernemings kan potensiële verskaffers identifiseer.
- Kliënte kan vasstel waar die firmas geleë is.
- Ondersteunings- en skenkerorganisasies kan ook potensiële ontvangers of hulle inisiatiewe identifiseer.
- Firmas wat nie gewoonlik 'n teenwoordigheid op die Web het nie, kan hulle besonderhede gratis aan ander beskikbaar stel.

  Terwyl die netwerk en identifikasie van hierdie ondernemings tot die primêre voordeel van die Register is, versamel die projek ook sekere belangrike inligting oor die tipes ondernemings, besigheidsmodelle, befondsing- en sakegeskiedenis. Al hierdie inligting bly geklassifiseerd en sal gebruik word om toekomstige inisiatiewe soos opleiding, handelsooreenkomste en sakeontwikkelingsskemas te rig.

As jy in enige van die volgende lande is, kan jy registreer: Angola, Botswana, Burundi, Demokratiese Republiek van die Kongo, Kenia, Lesotho, Madagaskar, Malawi, Mauritius, Mosambiek, Namibië, Rwanda, Seychelles, Suid-Afrika, Swaziland, Tanzanië, Uganda, Zambië en Zimbabwe.

**# Hieride webtuiste is ook in Engels, Frans, Afrikaans, Swahili en Portugees beskikbaar #**

*Kontak vir verdere inligting d.holt@qub.ac.uk D.Littlewood@qub.ac.uk*